

KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG

Die Suidwes Groep is daartoe verbind om goeie korporatiewe bestuurspraktyke te handhaaf en te bevorder. In hierdie verband streef die Groep daarna om aan die riglyne van die King III-verslag te voldoen.

DIREKSIE

Samestelling

Suidwes Beherend (RF) Eiendoms Beperk ("Suidwes Beherend") se Direksie bestaan slegs uit nie-uitvoerende direkteure wat op 'n wyksgrondslag deur die aandeelhouders verkies word en drie-jaarliks op 'n rotasiegrondslag, ingevolge die toepaslike statuutbepalings, aftree.

Suidwes Beleggings Eiendoms Beperk ("Suidwes Beleggings") se Direksie bestaan uit:

- Sewe direkteure van Suidwes Beherend wat deur laasgenoemde se aandeelhouders op 'n wyksgrondslag verkies word;
- drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure wat op grond van hul spesifieke kundigheid en ervaring vir 'n termyn van twee jaar deur die genoemde sewe direkteure aangestel word;
- sodanige uitvoerende direkteure as wat die nie-uitvoerende direkteure besluit om aan te stel.

Nie een van die Suidwes Groep se nie-uitvoerende direkteure het 'n dienskontrak met enige maatskappy in die Groep nie. Daar word egter verwag van alle nie-uitvoerende direkteure om 'n direkteurskontrak met die Maatskappy aan te gaan, welke aspekte rondom hul verantwoordelikhede onder King III, verbintenis tot die Etiese Gedragskode, botsing van belange, vertroulikheid, bywoning van vergaderings, direkteursvergoeding en prestasiebeoordeling reël.

Die samestelling van die genoemde direksies, soos op 30 April 2014, word in die Direkteursverslae van die onderskeie maatskappye getoon. Geen direkteur is diskwalifiseer of onbevoeg om die amp te beklee soos bedoel in die Maatskappywet (2008) nie.

Prestasiebeoordeling

'n Formele direksie-evaluasie formaat is gedurende die vorige jaar goedgekeur. Die evaluasie van die Direksie word hoofsaaklik baseer op self-evaluasie beginsels gemeet teen beste praktyk. Die uitkoms van die evaluasieproses word in 'n verslag deur die Groepsekretaris (Groep Hoof Regsbeampte) saamgevat, welke verslag deur die Voorsitter van die Direksie oorweeg word en vir bespreking, tydens die opvolgende Direksievergadering, voorgelê word.

Onafhanklikheid

Die Direksie se onafhanklikheid van die Uitvoerende Bestuur word deur die volgende maatreëls verseker:

- Die voorsitter van die Direksie het nie enige uitvoerende funksies nie en die rolle van voorsitter en Besturende Direkteur (Hoof Uitvoerende Beampte) is geskei.

- Met die uitsondering van die Besturende Direkteur en die Direkteur: Finansies (Hoof Finansiële Beampte), bestaan die Direksie slegs uit nie-uitvoerende direkteure, waarvan almal onafhanklik is. Nie-uitvoerende direkteure se vergoeding word nie aan die Groep se finansiële prestasie gekoppel nie.
- Die samestelling van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee geskied in ooreenstemming met die bepalings van die Maatskappywet (2008) en die riglyne van King III.
- Die voorsitters en al die lede van die Direksiekomitees is nie-uitvoerende direkteure.
- Geen individu het onbeperkte besluitnemingsmagte nie.
- Al die direkteure het onbelemmerde toegang tot die advies en dienste van die Groepsekretaris en tot alle inligting, rekords, dokumente en eiendom van die Groep. Die direkteure is ook geregtig om onafhanklike professionele advies oor die sake van die Groep in te win.

Rol en funksie

Die Direksie is verantwoordelik vir die oorsig, beheer en strategie van die Groep, wat die volgende insluit:

- Die bepaling en heroorweging van die strategie van die Groep.
- Goedkeuring van begrotings en wesentliche kapitale uitgawes.
- Monitering van die bedryfsresultate teen begrotings.
- Evaluering van die finansiële stand van die Groep.
- Evaluering van die Uitvoerende Bestuur se prestasie.

Besluitneming oor alle sake van wesentliche belang en die effektiewe beheer oor die Groep, sowel as die uiteindelijke aanspreeklikheid ten opsigte daarvan, berus by die Direksie.

Operasionele besluitneming, met die uitsondering van bepaalde magte, is delegeer aan die Besturende Direkteur ooreenkomstig 'n formele Delegasie van Besluitnemingsmagte-beleid. Die Besturende Direkteur delegeer verder aan die Uitvoerende Bestuur bepaalde operasionele magte. Die Delegasie van Besluitnemingsmagte word sentraal administreer deur die Sekretariaat en vestig die beginsel dat verantwoordbaarheid hand-aan-hand gaan met gedelegeerde magte.

Direkteure wat nuut aangestel word, word deur middel van 'n formele oriëntasieproses volledig oor die Groep se funksionering, aktiwiteite en prestasie ingelig ten einde hulle in staat te stel om so gou as moontlik optimaal te funksioneer.

Vergoeding

Die direkteure se vergoeding bestaan uit die volgende drie komponente:

- 'n Vaste jaarlikse honorarium wat deur die Sosiale-, Etiese- en Vergoedingskomitee aanbeveel word en deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word. Die vergoeding word kwartaalliks betaal.
- 'n Vergoeding per kilometer vir amptelike ritte, wat op AA-tariewe gebaseer word.

- 'n Daaglikse toelaag vir tyd en uitgawes wat aan amptelike sake van die Groep bestee word.

Vergaderings

Die Direksie vergader minstens vier keer per jaar. Addisionele vergaderings word gehou soos en wanneer dit nodig is. Dit staan direkteure vry om sake op die sakelys van Direksievergaderings of enige vergadering van die Direksiekomitees te plaas en openhartige bespreking van alle sake word aangemoedig. Die Direksie se inligtingsbehoefte is deeglik gedefinieer. Sakelys van vergaderings en toepaslike voorleggings word tydig vooraf aan die direkteure voorsien ten einde hulle voldoende geleentheid vir deeglike voorbereiding te bied.

Bywoning van vergaderings

Bywoning van vergaderings – Mei 2013 tot April 2014

	VERGADERINGSDATUM					
	24/07/2013	18/09/2013*	04/12/2013	30 & 31/01/2014*	27/02/2014	23/04/2014
Vercueil PS	T	T	T	T	T	T
Botha AJ	T	T	T	T	T	T
Delport JHT	T	T	V	T	T	T
Delport PF	T	T	T	T	T	T
Dondur DLT	T	V	V	T	T	T
Le Roux JJ	T	T	T	T	T	T
Malherbe GL	T	T	T	T	T	T
Marx FE	T	T	T	T	T	T
Viljoen JJ	T	T	T	T	T	T
Wilkinson NT	T	V	T	T	T	T
Smit LJ (Besturende Direkteur) (Groep Hoof Uitvoerende Beampte)	T	T	T	T	T	T

Potgieter G (Direkteur: Finansies) (Groep Hoof Finansiële Beampte)	T	T	T	T	T	T
---	---	---	---	---	---	---

(* - Strategiese Gesprek; ** - Direkteursopleiding; T = Teenwoordig; V = Afwesig met verskoning)

DIREKSIKOMITEES

Die Direksiekomitees hieronder genoem, is ingestel om die Direksie in die uitvoering van sy kollektiewe verantwoordelikheid vir korporatiewe bestuur en risiko's by te staan. Die Direksie erken sy uiteindelijke verantwoordelikheid vir die optrede van die Direksiekomitees en is tevrede dat die komitees hulle verantwoordelikhede vir die jaar onder oorsig behoorlik nagekom het.

Notules van vergaderings van die komitees word aan al die direkteure gesirkuleer en die voorsitter van elke komitee doen gereeld aan die Direksie verslag oor belangrike sake wat deur die betrokke komitee oorweeg is.

Oudit-, Risiko- en IT-Komitee

Die samestelling van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee, soos op 30 April 2014, is as volg:

Statutêre lede

Mnr	AJ Botha	(Voorsitter)
Me	DLT Dondur	(Statutêre Lid)
Mnr	NT Wilkinson	(Statutêre Lid)

Nie-statutêre lede

Mnre	GL Malherbe	(Verkose lid)
	FE Marx	(Ondervoorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)
	G Potgieter	(Direkteur: Finansies - <i>ex officio</i>)
	LJ Smit	(Besturende Direkteur - <i>ex officio</i>)
	PS Vercueil	(Voorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)
	JJ Viljoen	(Verkose lid)

Die Oudit- Risiko- en IT-Komitee se verslag ingevolge artikel 94(7) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, vir die 2013/2014-finansiële jaar word op die Maatskappy se amptelike webwerf (www.suidwes.co.za) gepubliseer.

Sosiaal-, Etiese- en Vergoedingskomitee

Die samestelling van die Sosiaal-, Etiese en Vergoedingskomitee, soos op 30 April 2014, is as volg:

Statutêre lede

Me	DLT Dondur	(Voorsitter)
Mnre	AJ Botha	(Verkose lid)
	NT Wilkinson	(Verkose lid)

Nie-statutêre lede

Mnre	PF Delport	(Voorsitter van die Menslike Hulpbronne Raadskomitee - <i>ex officio</i>)
------	------------	--

FE Marx	(Ondervoorsitter van die Direksie)
G Potgieter	(Direkteur: Finansies - <i>ex officio</i>)
LJ Smit	(Besturende Direkteur - <i>ex officio</i>)
PS Vercueil	(Voorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)

Die hoof funksies en bevoegdhede van die Komitee is die volgende:

- Om die finansiële samestelling en die effek van vergoeding van direkteure en hoofbestuurders in die totale vergoedingsamestelling van Suidwes op beleidsvlak na te vors en voorstelle daaromtrent vir oorweging aan die Direksie voor te lê;
- om die direkteure en hoofbestuurders se vergoeding op 'n jaarlikse basis te oorweeg en goed te keur en te verseker dat die samestelling van hulle vergoeding markverwant, mededingend en pro-aktief is en 'n aansporingselement bevat;
- om riglyne vir algemene jaarlikse verhogings van werknemers daar te stel;
- om aanbevelings aan die Direksie te maak oor die wyse waarop oor die vergoedingsbeleid en individuele vergoeding aan die aandeelhouders verslag gedoen sal word en om toe te sien dat die nodige besluite rakende die vergoeding van direkteure van aandeelhouders verkry word;
- om, gegewe die noodsaaklikheid om in die lig van die dinamiese besigheidsomgewing geskikte direkteure en hoofbestuurders te werf, vereistes en kriteria na te vors en riglyne daar te stel wat sal bydra dat die bes moontlike kandidate vir Suidwes se werwingsaksies geïdentifiseer word;
- om geskikte kandidate vir aanstelling as onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure te identifiseer, onderhoude met hulle te voer en 'n aanbeveling vir aanstelling aan die Direksie voor te lê;
- om aanbevelings aan die Direksie te maak oor die samestelling van die Direksie en sy komitees in die algemeen, sowel as ten opsigte van spesifieke vereistes en kundigheid;
- om die voorsitter van die Direksie by te staan ten opsigte van die beoordeling van die funksionering van die Direksie en sy komitees, asook die evaluering van individuele direkteure;
- om voorlopige onderhoude met kandidate vir aanstelling as Besturende Direkteur, Hoofbestuurders en die Groepsekretaris te voer en 'n kortlys daaruit aan die Direksie voor te lê;
- om toe te sien dat opvolgbepanning met betrekking tot uitvoerende direkteure en hoofbestuurders geskied;
- om die Groep se nakoming van sy sosiale verantwoordelikheid te oorweeg;
- om toe te sien dat die Suidwes Groep se besigheid op 'n etiese en volhoubare basis bedryf word, in navolging van die King III-riglyne en die Groep se etiese gedragskode; en
- om voldoening aan die Maatskappy se korporatiewe bestuursvereistes en wetgewing te verseker, in besonder die nakoming van wette en regulasies wat op die Maatskappy van toepassing is en die voorskrifte van King III.

Die Sosiaal-, Etiese- en Vergoedingskomitee vergader minstens drie keer per jaar.

Menslike Hulpbronne Raadskomitee

Die samestelling van die Menslike Hulpbronne Raadskomitee, soos op 30 April 2014, is as volg:

Mnre	PF Delport	(Voorsitter)
	JHT Delport	(Verkose lid)
Me	DLT Dondur	(Verkose lid)
Mnre	JJ le Roux	(Verkose lid)
	FE Marx	(Ondervoorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)
	G Potgieter	(Direkteur: Finansies - <i>ex officio</i>)
	LJ Smit	(Besturende Direkteur - <i>ex officio</i>)
	PS Vercueil	(Voorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)

Die rol en funksie van die Menslike Hulpbronne Raadskomitee is hoofsaaklik die volgende:

- Die opstel, hersiening en monitering van beleide wat op die menslike hulpbronne van die Groep betrekking het.
- Die evaluasie van die uitvoerende direkteure se prestasie.
- Die oorweging van die vergoeding betaalbaar aan direkteure en senior bestuurslede, asook die algemene vergoedingsaanpassings vir personeel.
- Die ontwikkeling van aansporingskemas en uitoefening van beheer daaroor ten einde prestasieverwante elemente in die vergoedingstelsel in te sluit.
- Om statutêre nakoming van arbeidswetgewing te verseker.
- Om die Direksie te adviseer met betrekking tot Swart Ekonomiese Bemagtiging.
- Om aanbevelings aan die Direksie te maak oor gefokusde opleiding en ontwikkeling van personeel, afliggingsprogramme en die aanstellingsbeleide van die Groep.
- Die jaarlikse hersiening van die toepaslikheid van die Groep se prestasiebeoordelingstelsels.
- Om toe te sien dat opvolgbeplanning in die Groep behoorlik aandag geniet.

Die Menslike Hulpbronne Raadskomitee vergader minstens drie keer per jaar.

Verkrygings- en Disinvesteringskomitee

Die Verkrygings- en Disinvesteringskomitee is gedurende 2012/2013 in die lewe geroep ten einde as 'n forum van eerste oorsig te dien waarbinne enige korporatiewe verkrygings of disinvestering van beleggings, oorweeg word. Die finale goedkeuring van verkrygings/disinvesterings berus steeds by die Direksie.

Die samestelling van die Verkrygings- en Disinvesteringskomitee soos op 30 April 2014, is as volg:

Mnre	NT Wilkinson	(Voorsitter)
	FE Marx	(Ondervoorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)
	G Potgieter	(Direkteur: Finansies - <i>ex officio</i>)

LJ Smit	(Besturende Direkteur - <i>ex officio</i>)
PS Vercueil	(Voorsitter van die Direksie - <i>ex officio</i>)
JJ Viljoen	(Verkose lid)

UITVOERENDE BESTUUR

Die Besturende Direkteur vervul die rol van Hoof Uitvoerende Beampte. Die Uitvoerende Bestuur is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur van die Suidwes Groep se besigheid.

Die Uitvoerende Bestuurslede woon op geselekteerde basis vergaderings van die Direksie en komitees by. Elke Direksievergadering word voorafgegaan deur 'n Raadsadviesforum wat bygewoon word deur die Uitvoerende Bestuur en die direkteure wat op wyksbasis verkies word. Die doel van hierdie forum is om die direkteure die geleentheid te gun om terugvoering aan Uitvoerende Bestuur, aangaande landboustoestande in hul onderskeie wyke, te verskaf en klantverwagtinge en nie-strategiese aanbevelings te maak ten aansien van operasies op grondvlak binne die Suidwes bedieningsgebied. Op hierdie wyse bly die Uitvoerende Bestuur te alle tye in voeling met die toestande en klante-behoeftes van Suidwes.

INTERNE OUDIT

Die ouditeursfirma KPMG Ingelyf verrig die funksie van interne ouditeure van die Suidwes Groep. Die interne ouditfunksie word onafhanklik en kragtens 'n spesifieke mandaat van die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee uitgevoer. Die Interne Ouditeure rapporteer aan die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee en het direkte en onbelemmerde toegang tot die voorsitter van die Komitee. Hulle geniet die volle steun en samewerking van sowel die Direksie as die Bestuur in al die divisies van die Groep.

Die Interne Ouditeure se hoofsaak en -oogmerk is om die Groep by te staan met die identifisering van bedryfsrisiko's, 'n onafhanklike evaluasie van die nakoming van groepsbeleid, risikobeheermaatreëls, interne beheerstelsels, prosedures en rekeningkundige praktyk en, waar nodig, aanbevelings ter verbetering daarvan te maak.

Die Interne Ouditeure het vrye toegang tot die Eksterne Ouditeure en al die verslae wat die Interne Ouditeure uitreik, word aan die Eksterne Ouditeure gesirkuleer vir hulle kommentaar en optrede, waar nodig.

RISIKOBESTUUR

Die identifisering, evaluering en bestuur van wesenlike risiko's van die Groep is 'n deurlopende proses. Die Direksie aanvaar volle verantwoordelikheid vir die totale proses van risikobestuur in die Groep en word hierin bygestaan deur die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee, die Eksterne Ouditeure en die Interne Ouditeure, sowel as verslagdoening deur die Bestuur oor die ontwerp, implementering en monitering van risikobestuursprosesse. Die effektiwiteit van die interne kontrolestelsels word gereeld nagegaan.

Die oogmerk met die risikobestuursproses is om te verseker dat die Groep se bates en beleggings beveilig is, dat die besigheid se doelwitte en volhoubaarheid onder alle bedryfstoeestande daardeur ondersteun word en dat verantwoordelik teenoor Suidwes se belangegroepes opgetree word.

NAKOMING

As Nakomingsbeampte is die Groepsekretaris verantwoordelik vir die bestuur en verslagdoening binne Suidwes aangaande nakoming op korporatiewe vlak, maar die divisionele bestuurders dra die verantwoordelikheid vir nakoming op divisionele vlak.

Geen oortredings van enige wette of regulatoriese voorskrifte is gedurende die jaar teen die Suidwes Groep uitgewys nie.

ETIESE KODE

Suidwes bly verbind tot die handhawing van die hoogste standaard van integriteit en etiese beginsels in sy interaksie met alle belanghebbendes. Professionele optrede, integriteit en 'n nie-kompromitterende houding, wat besigheidsetiek van die hoogste standaard vereis, vorm die kern van die bestaande etiese kode.

Die direkteure, wat die beskermhere van integriteit binne Suidwes is, verseker dat etiese prestasie gemonitor en by die Sosiaal-, Etiese en Vergoedingskomitee gerapporteer en verklaar word.

Daar is verskeie platforms geskep waardeur bedrog en ander onaanvaarbare optrede in Suidwes aangemeld kan word, insluitende 'n tolvrye aanmeldingslyn wat die geleentheid bied vir die anonieme aanmelding van onetiese gedrag en verseker dat die identiteit van die aanmelder beskerm sal word.

Die Bestuur is tevrede dat voldoende griewe- en dissiplinêre prosedures bestaan wat die toepassing van die etiese kode verseker en bevorder. Indien werknemers hulle wel aan swak etiese optrede skuldig maak, is Suidwes se standpunt duidelik dat daar sonder uitsondering onverbiddelik teenoor die betrokke werknemers opgetree word. Werknemers wat tydens 'n dissiplinêre proses skuldig bevind word, word gewoonlik ontslaan en in die geval van optrede waarby oneerlikheid betrokke is, word 'n klag by die Suid-Afrikaanse Polisie diens gelê.

Tydens interaksie met klante, verskaffers en/of tussengangers, mag werknemers nie geld, gunste en/of geskenke van waarde ontvang nie. 'n Formele beleid wat die gee en ontvang van geskenke reguleer, is goedgekeur om te dien as hulpmiddel vir personeel in hul interaksie met belanghebbendes.

Werknemers mag nie betrokke raak by ander belange as dit op enige manier in konflik is met die behoorlike uitvoering van hul pligte of met Suidwes se besigheid nie.

INLIGTINGSTEGNOLOGIE BESTUUR (IT)

IT vervul sò 'n belangrike rol in die bestuur van enige besigheid, dat die Direksie se verantwoordelikheid ten opsigte daarvan spesifiek in die riglyne van die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur aangespreek word. Gedurende die jaar het die Groep 'n Hoof Inligtingsbeampte aangestel om toegewyd en voltyds die Groep se IT-omgewing te evalueer en te bestuur.

Suidwes volg 'n besigheidsgedrewe IT-strategie. Die Direksie verseker aktiewe bestuur van die IT-raamwerk deur middel van 'n span toegewyde IT-personeel en -spesialiste as 'n integrale deel van die risikobestuurplan en verseker ook dat die intellektuele eiendomsregte met betrekking tot inligtingstegnologie beskerm word.

Die strategie en resultate van die Suidwes Groep is afhanklik van geïntegreerde infrastruktuur en stelsels en die sukses van die besigheid steun swaar op die beskikbaarheid en akkuraatheid

van die finansiële transaksies. Daarom word daaglikse kontroles gebruik om data-integriteit en akkurate inligting te verseker.

Die magtiging, toegang en regte van die rekenaarselgebruikers word deur die Stelselkuriteitafdeling, volgens 'n vasgestelde beleid en prosedures, beheer. Gebruikersprofiel word twee keer per jaar deur die verskillende afdelingshoofde nagegaan en bevestig.

'n Rampherstelsentrum is te Christiana gevestig ten einde die risiko van potensiële rampe en die impak van 'n moontlike onderbreking van die intydse rekenaarsel te verminder. Alle finansiële transaksies word op 'n intydse basis vanaf die sentrale verwerker te Leeudoringstad na die verwerker by die rampherstelsentrum te Christiana gestuur, om te verseker dat geen data-verliese plaasvind nie.

'n Koordlose wye area netwerk, waarmee alle bedryfspunte aan die Sentrale Kantoor te Leeudoringstad gekoppel is, is geïmplementeer met die gevolg dat Suidwes in beheer is van die wye area netwerk en nie meer van derde partye afhanklik is vir die instandhouding van die netwerk infrastruktuur nie.

Die IT-verwante kontroles en die IT-omgewing van die Suidwes Groep word jaarliks deur die eksterne ouditeure nagegaan, wat oor hulle bevindings aan die Oudit-, Risiko- en IT-Komitee verslag doen.

Beleggings en uitgawes rakende IT word volgens 'n begroting bestuur en word dus deurlopend deur die Direksie en die Uitvoerende Komitee gemonitor.

Omgewingsvriendelike beginsels in terme van ekonomiese elektrisiteitsverbruik, herwinning, verantwoordelike vernietiging en die uitkakel van onnodige papierverbruik word deurlopend toegepas.

GROEPSEKRETARIAAT

Die Groep Hoof Regsbeampte vervul die rol van Groepsekretaris en voldoen aan die vereistes gestel in artikel 86 van die Maatskappywet (2008). Hy voorsien leiding en advies aan die direkteure ten opsigte van hulle magte, pligte en verantwoordelikhede en verseker dat die Direksie en die Groep aan alle toepaslike wetgewing, sowel as aan die bepalings van die afsonderlike statute, voldoen.

Die Groepsekretaris is verantwoordelik vir die byhou en administrasie van behoorlike notules van alle vergaderings van aandeelhouders, Direksies en Direksiekomitees, in ooreenstemming met die bepalings van die Maatskappywet, sowel as van vergaderings van die Uitvoerende Bestuur.

GESLOTE PERIODE VIR AANDELETRANSAKSIES

Die Maatskappy handhaaf 'n geslote periode voorafgaande die publikasie van jaarlikse en interim resultate, volgens 'n beleid deur die Direksie neergelê. Gedurende 'n geslote periode mag geen direkteur, beampte of personeelid van die Groep enige transaksie rakende aandele in Suidwes Beherend of Suidwes Beleggings aangaan nie. Die Direksie het 'n beleid oor binnekennistransaksies neergelê ten einde te verseker dat transaksies met aandele in die Groep deur direkteure, amptenare en personeel deursigtig geskied.

